# PARLIAMENT OF THE PROVINCE OF THE WESTERN CAPE

====================

# QUESTION PAPER

## WRITTEN REPLY

====================

Note: * Indicates translated version.

**FRIDAY, 17 APRIL 2026**

1. **Ms R Windvogel to ask Ms M M Wenger, Minister of Health and Wellness:**

(1) Whether her Department can provide details on the reported absorption of 400 community health workers into her Department; if not, why not; if so, (a) how many have already been absorbed, (b) how many are still to be absorbed and (c) what is the expected time frame for the completion of this process;

(2) whether her Department has identified the specific hospitals, clinics or healthcare facilities where these community health workers will be deployed; if not, why not; if so, (a) which facilities have been identified and (b) what criteria were used to determine their placement?

*(103)*

2. **Mr M B Nqgentsu to ask Ms A J D Marais, Minister of Police Oversight and Community Safety:**

With regard to the deployment of 800 troops on the Cape Flats:

What long-term strategy exists to ensure sustained crime reduction beyond the temporary interventions?

*(104)*

3. **Mr M B Nqgentsu to ask Ms M M Wenger, Minister of Health and Wellness:**

Given the increasing attacks on Emergency Medical Services personnel:

What concrete measures are in place to ensure their safety and to protect critical frontline services?

*(105)*

**4. Mr F Kamfer to ask Mr J J Londt, Minister of Social Development:**

Following the reduction of over R20 million in job-related allocations during the 2026/27 budget adjustments:

Whether this funding has been reinstated; if not, how is the Department addressing the ongoing capacity and employment constraints; if so, what are the relevant details?

*(106)*

**5. Ms P Z Lekker to ask Mr T A Simmers, Minister of Infrastructure:**

With R350 million allocated for informal settlement upgrading in a province with 1 274 settlements and over 405 000 households:

(a) How will his Department prioritise the allocation of these funds and (b) which municipalities will receive assistance first?

*(107)*

**6. Ms N D Nkondlo to ask Dr I H Meyer, Minister of Agriculture, Economic Development and Tourism:**

Whether the allocation of R23,9 million for rural development will be sufficient to address the challenges of rural poverty, support for farmworkers and youth inclusion in rural communities; if not, why not; if so, (a) what specific programmes will be funded through this allocation, (b) how many beneficiaries are expected to be reached and (c) what measurable outcomes are anticipated?

*(108)*

**7. Ms N D Nkondlo to ask Dr I H Meyer, Minister of Agriculture, Economic Development and Tourism:**

There is a 11,97% increase in the Compensation of Employees (CoE) in the 2026/27 budget:

(a) How many vacant posts are (i) funded but remain unfilled and (ii) have been advertised and (b) what measures is his Department implementing to fill these vacancies urgently in order to prevent further service delivery failures?

*(109)*

**8. Ms N D Nkondlo to ask Dr I H Meyer, Minister of Agriculture, Economic Development and Tourism:**

What business plans for his Department (Vote 12) were submitted to the Provincial Treasury for the current financial year?

*(110)*

**9. Mr B N Herron to ask Mr T A Simmers, Minister of Infrastructure:**

With reference to a housing transfer (erf 318, Delft, City of Cape Town) that took place in 2013 between the Western Cape Government and a certain person whose name has been furnished to his Department for the purpose of his reply:

(1) Whether his Department can confirm that a subsidised housing unit allocated to the original beneficiary, whose name has been furnished to his Department for the purpose of his reply, was transferred to another beneficiary in 2013 while the original beneficiary was still alive and a qualifying beneficiary; if so, (a) on what basis was

the transfer approved and (b) what processes were followed to verify the occupancy and beneficiary status prior to the transfer;

(2) whether the original beneficiary was informed of or consented to the transfer prior to its approval; if not, why not; if so, on what date was such notification given;

(3) whether the transfer was registered in the Deeds Office; if so, what are the relevant details;

(4) whether his Department was aware that the original beneficiary claimed to be the beneficiary of the subsidised house until his passing away in 2017; if so, (a) what steps were taken to engage the heirs and (b) what is the status of the heirs' claim to the subsidised house;

(5) whether the Department intends to review the 2013 transfer; if not, why not; if so, what are the relevant details;

(6) how many other disputed transfers is his Department currently (a) aware of or (b) dealing with?

*(111)*

**10. Mr B N Herron to ask Mr A R Winde, Premier:**

On 28 April 2019 the Western Cape Government announced a formal intergovernmental dispute with the national Minister of Police in relation to the allocation of police resources in the Western Cape. Then, during his 2026 State of the Province Address in George, the Premier again announced that the Western Cape Government would "have no option" but to declare an intergovernmental dispute with the Minister of Police in relation to police resourcing in the Western Cape:

(1) Whether the 2019 intergovernmental dispute was formally declared in terms of the Intergovernmental Relations Framework Act, 2005 (Act 13 of 2005); if not, why not; if so, (a) when did this happen, (b) did the Province follow the dispute resolution process provided for in the Act, (c) what was the formal outcome of the intergovernmental dispute instituted in 2019 against the national Minister of Police and (d) on what date was the dispute concluded;

(2) whether any agreements were reached on police resourcing; if not,

(3) whether the provincial government instituted judicial proceedings in terms of section 45 of the Act; if not, why not;

(4) whether he has initiated a further intergovernmental dispute with the national Minister of Police since indicating such intention in the State of the Province Address; if not,

(5) what are the reasons for the delay; if so,

(6) (a) on what date was the dispute initiated, (b) how many other intergovernmental disputes has he initiated against the SAPS and (c) at what stage are each of these intergovernmental disputes;

(7) given the declaration of an intergovernmental dispute in 2019, why is it necessary to declare a new intergovernmental dispute in 2026;

(8) what changes to police resourcing, if any, were implemented by the SAPS between the 2019 intergovernmental dispute and the 2026 State of the Province Address?

*(112)*

**11. Mr B N Herron to ask Mr D J Maynier, Minister of Education:**

With reference to a decision by his Department to ban water-based activities for public schools in the province:

(1) (a) Who made the decision to "ban" these activities, (b) when was the decision made, (c) why was this decision made and (d) under what authority was the decision made;

(2) (a) how many legal claims are currently pending against him, (b) of these, how many relate specifically to incidents arising from water-based school activities, (c) what is the total monetary value of these claims and (d) what portion relates to water-based activities;

(3) whether the prohibition on water-based activities is applicable to all WCED schools; if not, (a) which categories of schools are exempt and (b) on what basis are exemptions determined;

(4) (a) how many (i) schools and (ii) learners are affected by this decision, (b) what impact assessment, if any, has been conducted regarding the effect on learners' water safety skills and (c) how does his Department intend to mitigate the loss of access to swimming and water safety education, particularly for learners in underserved communities?

*(113)*

**12. Ms B M van Minnen to ask Ms A J D Marais, Minister of Police Oversight and Community Safety:**

In relation to the prevalence of illegal drug houses in the province:

(a) How many drug houses have been identified in the province to date, (b) what measures are in place to prevent the re-establishment of drug houses after raids, (c) how many (i) arrests, (ii) prosecutions and (iii) convictions have resulted from operations targeting drug houses in the past two years, (d) what challenges, if any, has her Department identified in successfully prosecuting individuals linked to drug houses and (e) what strategies are being implemented to reduce the overall number of drug houses in the province?

*(114)*

**13. Ms B M van Minnen to ask Ms A J D Marais, Minister of Police Oversight and Community Safety:**

(1) What is the average caseload per detective responsible for investigating murder cases in (a) Delft, (b) Bishop Lavis, (c) Manenberg, (d) Hanover Park, (e) Nyanga and (f) Philippi East;

(2) what is the number of gang-related murders that was recorded in the Cape Flats policing precincts (a) during 2025 and (b) in 2026 to date;

(3) (a) how many of these murder cases have resulted in suspects being (i) arrested and (ii) referred to court and (b) how many have resulted in successful convictions;

(4) how many gang-related murder cases on the Cape Flats remain unsolved to date?

*(115)*

**14. Ms B M van Minnen to ask Ms A J D Marais, Minister of Police Oversight and Community Safety:**

(a) How many members of the Anti-Gang Unit of the South African Police Service are currently deployed in the Western Cape, (b) of those members, how many (i) have previous criminal records, (ii) have pending criminal cases and (iii) are currently under internal disciplinary investigation, (c)(i) how many members of the Anti-Gang Unit deployed in the province have been criminally charged since the establishment of the unit, (ii) what was the nature of the offences in cases where members of the Anti-Gang Unit were charged with crimes, (iii) how many of them remain actively deployed in operational roles, (iv) how many of them have been suspended and (v) how many of them have been removed from the unit and (d) how many complaints regarding the conduct of members of the Anti-Gang Unit in the Western Cape have been investigated by the Independent Police Investigative Directorate?

*(116)*

**15. Mr M Booysen to ask Ms M M Wenger, Minister of Health and Wellness:**

In relation to measles vaccination coverage in the province:

(1) (a) What is the current percentage of children under the age of five who have received the measles vaccine in the province and (b) what targets has her Department set for measles vaccination for the (i) current and (ii) next financial year;

(2) in relation to measles vaccination campaigns, (a) how many measles vaccination campaigns have been conducted in the province over the past three years, (b) what were the reach and effectiveness of each campaign in terms of the number of children vaccinated and (c) what challenges have been identified in reaching children in underserved or remote communities;

(3) (a) what strategies are in place to educate parents and caregivers about the importance of measles vaccination and (b) how does her Department collaborate with stakeholders to increase vaccination uptake;

(4) (a) how many measles outbreaks have been recorded in the past three years and (b) what were the outcomes of her Department's interventions?

*(117)*

**16. Mr M Booysen to ask Ms M M Wenger, Minister of Health and Wellness:**

In relation to the Emergency First Aid Responders (EFAR) Programme:

(1) (a) How many community members have been trained as first aid responders to date, (b) what criteria are used to select participants for the training programme, (c) what funding has been (i) allocated and (ii) spent by her Department to support the EFAR Programme and (d) what specific training modules are provided to EFAR Programme participants;

(2) whether there any published reports on the impact of this programme; if so, can copies be made available;

(3) (a) what resources are provided to EFAR-trained community members to enable them to respond effectively to emergencies and (b) what partnerships exist with stakeholders to enhance the reach and effectiveness of the EFAR Programme;

(4) whether there are plans to expand this programme to additional communities in the province; if so, what are the relevant details?

*(118)*

**17. Mr P Johnson to ask Mr D J Maynier, Minister of Education:**

(1) (a)(i) How many school resource officers (SROs) are currently deployed at schools in province and (ii) at which specific schools are they placed, (b) what criteria are used by his Department to determine the allocation of SROs to particular schools, (c)(i) what assessment has his Department conducted on the impact of SROs at schools in the province and (ii) what were the findings and (d) what is the total annual cost for his Department for the SRO Programme for the 2026 school year;

(2) in comparison to the 2025 school year, whether there are plans to expand the SRO Programme to additional schools in 2026; if so, (a) how many additional schools are being targeted and (b) what timeline has been set for such an expansion;

(3) what partnerships exist between his Department and (a) the South African Police Service and (b) local law enforcements?

*(119)*

**18. Mr P Johnson to ask Mr D J Maynier, Minister of Education:**

(1) (a) How many schools in the province were affected by vandalism during the term 1 holiday period of 2026 and (b) what was the total estimated cost of the damage incurred during this period;

(2) whether his Department has recorded a reduction or increase in incidents compared to the same holiday period in 2025; if so, what percentage reduction or increase was recorded;

(3) how many cases relating to school vandalism and burglary were opened with the South African Police Service during this period;

(4) (a) what types of infrastructure were most commonly vandalised or stolen, (b) which municipalities (metropolitan or district) recorded the highest number of incidents and (c) which three geographic areas were most affected?

*(120)*

**19. Prof N Mbombo to ask Mr I M Sileku, Minister of Mobility:**

(1) (a) What is the planned start date for the implementation of the Shayela Smart Programme, (b) how many (i) operators and (ii) routes are expected to be allocated to this programme in its initial phase, (c) what is the total cost allocated to the Shayela Smart Programme by his Department and (d) what key reforms to the mini-bus taxi (MBT) industry will the programme introduce;

(2) whether his Department has conducted engagements with the MBT industry; if so, (a) which stakeholders were consulted and (b) what input was received;

(3) to what extent has the MBT industry indicated (a) support for and (b) concerns about this proposed programme?

*(121)*

**20. Prof N Mbombo to ask Mr I M Sileku, Minister of Mobility:**

(a) What is the planned start date to expand the Job Seekers Travel Voucher Programme to George using the Go George service, (b) how many beneficiaries are expected to be supported in George during the initial rollout and (c) what budget has been allocated to this expansion?

*(122)*

**21. Prof N Mbombo to ask Mr I M Sileku, Minister of Mobility:**

(a) What impact will the MyCiTi expansion have on the operational sustainability of the Golden Arrow Bus Services, (b) which Golden Arrow routes are expected to be affected as a result of the MyCiti expansion and (c) what measures are in place to ensure integration, rather than duplication, between the MyCiTi and the Golden Arrow services?

*(123)*

**22. Mr D J Wessels to ask Mr T A Simmers, Minister of Infrastructure:**

(a) How many inner-city housing development projects are currently active in the province and (b)(i) what are the names of the inner-city housing development projects, (ii) what is the current status of the projects, (iii) when is occupancy expected to commence at each development, (iv) how many residential units have been completed for each project, (v) what are the expected occupancy timelines for each development, (vi) what delays have been experienced in each project and (vii) what corrective measures have been implemented?

*(124)*

**23. Mr D J Wessels to ask Mr T A Simmers, Minister of Infrastructure:**

(a) How many housing units have been completed in the province during the 2025/26 financial year, (b) what are the (i) names and (ii) locations of the housing projects where units have been completed, (c) when are handovers to beneficiaries expected to take place for each of these completed projects, (d) what factors have delayed the handover of completed housing units and (e) what steps are being taken to expedite beneficiary occupation?

*(125)*

**24. Mr D J Wessels to ask Mr T A Simmers, Minister of Infrastructure:**

(a) How many backyard dwellers in the Western Cape have been provided with formal housing opportunities in (i) 2022/23, (ii) 2023/24 and (iii) 2024/25, (b) in which municipalities were these housing opportunities delivered and (c) what proportion of the overall housing allocations do backyard dwellers represent over the period indicated in (a) above?

*(126)*

**25. Mr D W Bryant to ask Mr A W Bredell, Minister of Local Government, Environmental Affairs and Development Planning:**

(a) Which municipalities in the province are currently regarded as the top performers in terms of water resilience, (b) what criteria or indicators are used by the Department to assess municipal performance in water resilience, (c) what factors have contributed to the strong performance of these municipalities, (d) what best practices from these municipalities can be replicated at other municipalities in the province and (e) what support is being provided to underperforming municipalities in order to improve their water resilience?

*(127)*

**26. Mr D W Bryant to ask Mr A W Bredell, Minister of Local Government, Environmental Affairs and Development Planning:**

(1) What was the actual tonnage of waste (a) generated and (b) processed in the province for the (i) 2024 and (ii) 2025 calendar years;

(2) how much of this waste was categorised as (a) landfill disposal, (b) incineration of healthcare risk waste (HCRW), (c) recycling or diversion and (d) municipal and private composting;

(3) whether his Department has successfully resolved the data accessibility issues relating to the South African Waste Information System (SAWIS) following the migration delays reported in March 2025; if not, what specific steps has he taken to escalate this matter to the national Minister of Forestry, Fisheries and the Environment to ensure the Western Cape has access to its own transboundary recycling data; if so, what are the relevant details?

*(128)*

**27. Mr N P Masipa to ask Dr I H Meyer, Minister of Agriculture, Economic Development and Tourism:**

With reference to his reply to question 3 of 6 February 2026:

(a) What is the timeline for the verification process and (b) what are the related support requirements, (c) in the interim, what bridging support, if any, is being provided to the 71 producers who have already indicated a requirement for assistance and (d) what is the current status of the Fire App data in terms of new respondents recorded since 15 February 2026?

*(129)*

**28. Mr M K Sayed to ask Mr R D Mackenzie, Minister of Cultural Affairs and Sport:**

Whether the national Department of Sport contributed to the Saldanha Bay rugby club's Easter tournament; if so, how much was contributed?

*(130)*

**29. Mr M B Nqgentsu to ask Mr I M Sileku, Minister of Mobility:**

With regard to the Easter holiday period:

(a) How many roadblocks were conducted, (b) how many road crashes were recorded, (c) how many individuals were arrested for drunk driving and (d) how many fatalities resulted from road crashes?

*(131)*

**30. Ms P Z Lekker to ask Mr T A Simmers, Minister of Infrastructure:**

Whether the Department is aware of the intention to evict the residents of an informal settlement in Knoflokskraal, near Grabouw, comprising approximately 4 000 structures and an estimated population of up to 20 000 people; if so, what measures is his Department taking to prevent the eviction and/or to ensure that the affected residents are provided with adequate alternative accommodation and support?

*(132)*

**31. Ms R Windvogel to ask Ms M M Wenger, Minister of Health and Wellness:**

With reference to her reply to question 32 of 6 March 2026:

(a) What specific frameworks are being referred to in her Department's response, (b)(i) how do these frameworks operate in practice to ensure compliance with the PFMA and (ii) what monitoring or enforcement mechanisms are in place and (c) what measurable outcomes or indicators are used to assess the effectiveness of these frameworks?

*(133)*

**32. Ms A P Bans to ask Mr J J Londt, Minister of Social Development:**

(1) (a) What specific forms of food assistance are being provided to orphans and child-headed households in order to prevent hunger and extreme poverty, (b) how does his Department verify and ensure the accuracy of the reported number of beneficiaries and (c) what mechanisms are in place to account for underreporting;

(2) whether his Department is taking steps to improve data collection and to ensure that all affected individuals are identified and assisted; if so, what are the relevant details?

*(134)*

**PLEASE NOTE: The replies to the questions in this Question Paper are due on 4 May 2026. Should the replies not be submitted before or on the deadline, the Members have the right to have the questions transferred to the Question Paper for oral reply in accordance with Rule 206.**

# PARLEMENT VAN DIE PROVINSIE VAN DIE WES-KAAP

===================

# VRAELYS

## SKRIFTELIKE BEANTWOORDING

===================

Nota: * Dui vertaalde weergawe aan.

**VRYDAG, 17 APRIL 2026**

***1. Me R Windvogel vra me M M Wenger, Minister van Gesondheid en Welstand:**

(1) Of haar departement besonderhede kan verskaf oor die 400 gemeenskapsgesondheidswerkers wat na berig word by haar departement opgeneem sal word; so nee, waarom nie; so ja, (a) hoeveel reeds opgeneem is, (b) hoeveel steeds opgeneem moet word en (c) wat die verwagte tydraamwerk van die voltooiing van hierdie proses is;

(2) of haar departement die spesifieke hospitale, klinieke of gesondheidsorgfasiliteite bepaal het waar hierdie gemeenskapsgesondheidswerkers geplaas sal word; so nee, waarom nie; so ja, (a) watter fasiliteite bepaal is en (b) watter vereistes gebruik is om hul plasing te vas te stel?

*(103)*

***2. Mnr M B Nqgentsu vra me A J D Marais, Minister van Polisietoesig en Gemeenskapsveiligheid:**

Met verwysing na die ontplooiing van 800 troepe op die Kaapse Vlakte:

Watter strategieë op die lang termyn bestaan om volgehoue misdaadvermindering buiten die tydelike ingrypings te verseker?

*(104)*

***3. Mnr M B Nqgentsu vra me M M Wenger, Minister van Gesondheid en Welstand:**

Gegewe die toenemende aanvalle op personeel van die Mediese Nooddiens:

Watter tasbare maatreëls in werking gestel is om hul veiligheid te verseker en om kritieke frontliniedienste te beskerm?

*(105)*

***4. Mnr F Kamfer vra mnr J J Londt, Minister van Maatskaplike Ontwikkeling:**

Ná die vermindering van meer as R20 miljoen in toewysings wat arbeidsverwant is, tydens die 2026/27-begrotingsaansuiwerings:

Of hierdie befondsing weer ingestel is; so nee, hoe die Departement aan die voortgesette beperkings op kapasiteit en indiensneming aandag skenk; so ja, wat die tersaaklike besonderhede is?

*(106)*

***5. Me P Z Lekker vra mnr T A Simmers, Minister van Infrastruktuur:**

Met R350 miljoen wat toegewys is aan die opknapping van informele nedersettings in 'n provinsie met 1 274 nedersettings en meer as 405 000 huishoudings:

(a) Hoe sy departement die toewysing van hierdie fondse sal prioritiseer en (b) watter munisipaliteite eerste bystand sal ontvang?

*(107)*

***6. Me N D Nkondlo vra dr I H Meyer, Minister van Landbou, Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme:**

Of die toewysing vir R23,9 miljoen vir plattelandse ontwikkeling voldoende sal wees om aandag te skenk aan die uitdagings met plattelandse armoede, ondersteuning vir plaaswerkers en die insluiting van die jeug in plattelandse gemeenskappe; so nee, waarom nie; so ja, (a) watter spesifieke programme deur middel van hierdie toewysing befonds sal word, (b) hoeveel begunstigdes na verwagting bereik sal word en (c) watter meetbare uitkomste verwag word?

*(108)*

***7. Me N D Nkondlo vra dr I H Meyer, Minister van Landbou, Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme:**

Daar is 'n verhoging van 11,97% vir die Vergoeding vir Werknemers ("Compensation of Employees" of CoE) in die 2026/27-begroting:

(a) Hoeveel vakatures (i) befonds, maar nog nie gevul is nie en (ii) geadverteer is en (b) watter maatreëls sy departement instel om hierdie vakatures dringend te vul om verdere versuime met dienslewering te voorkom?

*(109)*

***8. Me N D Nkondlo vra dr I H Meyer, Minister van Landbou, Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme:**

Watter sakeplanne vir sy departement (Begrotingspos 12) aan die Provinsiale Tesourie vir die huidige finansiële jaar voorgelê is?

*(110)*

***9. Mnr B N Herron vra mnr T A Simmers, Minister van Infrastruktuur:**

Met verwysing na 'n behuisingsoordrag (erf 318, Delft, Stad Kaapstad) wat in 2013 plaasgevind het tussen die Wes-Kaapse Regering en 'n sekere persoon wie se naam vir die doeleindes van sy antwoord aan sy departement verstrek is:

(1) Of sy departement kan bevestig dat 'n gesubsidieerde behuisingseenheid wat aan die oorspronklike begunstigde, wie se naam vir die doeleindes van sy antwoord aan sy departement verstrek is, in 2013 toegewys is, na 'n ander begunstigde oorgedra is terwyl die oorspronklike begunstigde steeds lewend was en in aanmerking gekom

het; so ja, (a) op watter grondslag die oordrag goedgekeur is en (b) watter proses voor die oordrag gevolg is om die status vir inbesitneming en as begunstigde te kontroleer;

(2) of die oorspronklike begunstigde van die oordrag in kennis gestel is of daartoe ingestem het voordat dit goedgekeur is; so nee, waarom nie; so ja, op watter datum sodanige kennisgewing verskaf is;

(3) of die oordrag by die Aktekantoor geregistreer is; so ja, wat die tersaaklike besonderhede is;

(4) of sy departement bewus was dat die oorspronklike begunstigde beweer het dat hy die begunstigde van die gesubsidieerde huis is totdat hy in 2017 oorlede is; so ja, (a) watter stappe gedoen is om met die erfgename te skakel en (b) wat die status van die erfgename se eis vir die gesubsidieerde huis is;

(5) of die Departement van plan is om die oordrag van 2013 te hersien; so nee, waarom nie; so ja, wat die tersaaklike besonderhede is;

(6) hoeveel ander betwiste oordragte sy departement tans (a) van bewus is of (b) hanteer?

*(111)*

***10. Mnr B N Herron vra mnr A R Winde, Premier:**

Die Wes-Kaapse Regering het op 28 April 2019 ’n amptelike interregeringsgeskil met die nasionale Minister van Polisie aangekondig met betrekking tot die toewysing van polisiehulpbronne in die Wes-Kaap. Die Premier het daarna, in sy Provinsiale Rede 2026 in George, weer aangekondig dat die Wes-Kaapse Regering met “geen ander keuse” (“have no option”) gelaat is as om ’n interregeringsgeskil met die Minister van Polisie met betrekking tot polisiehulpbronvoorsiening in die Wes-Kaap te verklaar nie:

(1) Of die interregeringsgeskil van 2019 amptelik ingevolge die Wet op die Raamwerk vir Interregeringsbetrekkinge, 2005 (“Intergovernmental Relations Framework Act, 2005”) (Wet 13 van 2005), verklaar is; so nee, waarom nie; so ja, (a) wanneer dit plaasgevind het, (b) of die Provinsie die proses vir geskiloplossing gevolg het waarvoor daar in die Wet voorsiening gemaak word, (c) wat die amptelike uitkoms van die interregeringsgeskil was wat in 2019 teen die nasionale Minister van Polisie ingestel is, en (d) op watter datum die geskil afgehandel is;

(2) of enige ooreenkomste oor polisiehulpbronvoorsiening bereik is; so nee,

(3) of die provinsiale regering ingevolge artikel 45 van die Wet regstappe ingestel het; so nee, waarom nie;

(4) of hy ’n verdere interregeringsgeskil met die nasionale Minister van Polisie ingestel het sedert sodanige voorneme tydens die Provinsiale Rede aangekondig is; so nee,

(5) wat die redes vir die vertraging is; so ja,

(6) (a) op watter datum die geskil ingestel is, (b) hoeveel ander interregeringsgeskille hy teen die SAPD ingestel het en (c) in watter stadium elke interregeringsgeskil is;

(7) gegewe die verklaring van ’n interregeringsgeskil in 2019, hoekom dit nodig was om in 2026 ’n nuwe interregeringsgeskil te verklaar;

(8) watter veranderings aan polisiehulpbronvoorsiening, indien enige, die SAPD tussen die interregeringsgeskil in 2019 en die Provinsiale Rede 2026 ingestel het?

*(112)*

***11. Mnr B N Herron vra mnr D J Maynier, Minister van Onderwys:**

Met verwysing na ’n besluit deur sy departement om wateraktiwiteite vir staatskole in die provinsie te verbied:

(1) (a) Wie die besluit geneem het om hierdie aktiwiteite te “verbied”, (b) wanneer die besluit geneem is, (c) hoekom hierdie besluit geneem is en (d) kragtens watter gesag die besluit geneem is;

(2) (a) hoeveel regseise teen hom tans hangende is, (b) uit hierdie, hoeveel spesifiek met voorvalle as gevolg van wateraktiwiteite by skole verband hou, (c) wat die totale geldwaarde van hierdie eise is en (d) watter deel met wateraktiwiteite verband hou;

(3) of die verbod op wateraktiwiteite op alle WKOD-skole van toepassing is; so nee, (a) watter kategorieë skole kwytgeskeld is en (b) op watter grondslag kwytskelding bepaal word;

(4) (a) hoeveel (i) skole en (ii) leerders deur hierdie besluit geraak word, (b) watter impakbeoordeling, indien enige, met betrekking tot die uitwerking op leerders se vaardighede vir waterveiligheid uitgevoer is en (c) hoe sy departement van plan is om die verlies aan toegang tot onderrig vir swemvaardighede en waterveiligheid te verminder, veral vir leerders in onderbediende gemeenskappe?

*(113)*

***12. Me B M van Minnen vra me A J D Marais, Minister van Polisietoesig en Gemeenskapsveiligheid:**

Met betrekking tot die voorkoms van onwettige dwelmhuise in die provinsie:

(a) Hoeveel dwelmhuise tot op hede in die provinsie geïdentifiseer is, (b) watter maatreëls ingestel is om te voorkom dat dwelmhuise ná klopjagte weer gevestig word, (c) hoeveel (i) inhegtenisnemings, (ii) vervolgings en (iii) skuldigbevindings in die afgelope twee jaar plaasgevind het as gevolg van operasies wat dwelmhuise teiken, (d) watter uitdagings, indien enige, haar departement geïdentifiseer het om individue suksesvol te vervolg wat aan dwelmhuise gekoppel is, en (e) watter strategieë ingestel word om die algehele aantal dwelmhuise in die provinsie te verminder?

*(114)*

***13. Me B M van Minnen vra me A J D Marais, Minister van Polisietoesig en Gemeenskapsveiligheid:**

(1) Wat die gemiddelde gevallelading volgens speurder is wat verantwoordelik is om moordsake in (a) Delft, (b) Bishop Lavis, (c) Manenberg, (d) Hanover Park, (e) Nyanga en (f) Philippi-Oos te ondersoek;

(2) wat die getal bendeverwante moorde is wat in die polisiëringsgebiede op die Kaapse Vlakte in (a) 2025 en (b) 2026 tot op hede aangeteken is;

(3) (a) hoeveel van hierdie moordsake daartoe gelei het dat verdagtes (i) in hegtenis geneem en (ii) na die hof verwys is en (b) hoeveel tot suksesvolle skuldigbevindings gelei het;

(4) hoeveel bendeverwante moorde op die Kaapse Vlakte tot op hede steeds nie opgelos is nie?

*(115)*

***14. Me B M van Minnen vra me A J D Marais, Minister van Polisietoesig en Gemeenskapsveiligheid:**

(a) Hoeveel lede van die Teenbende-eenheid van die Suid-Afrikaanse Polisiediens tans in die Wes-Kaap ontplooi is, (b) uit daardie lede, hoeveel (i) vorige oortredings het, (ii) hangende strafsake het en (iii) tans intern dissiplinêr ondersoek word, (c)(i) hoeveel lede van die Teenbende-eenheid wat in die provinsie ontplooi is, sedert die stigting van die eenheid strafregtelik aangekla is, (ii) wat die aard van die oortredings is in sake waar lede van die Teenbende-eenheid van misdade aangekla is, (iii) hoeveel van hulle steeds aktief in bedryfsrolle ontplooi is, (iv) hoeveel van hulle geskors is en (v) hoeveel van hulle uit die eenheid verwyder is en (d) hoeveel klagtes oor die gedrag van lede van die Teenbende-eenheid in die Wes-Kaap deur die Onafhanklike Polisie-ondersoekdirektoraat ondersoek is?

*(116)*

***15. Mnr M Booysen vra me M M Wenger, Minister van Gesondheid en Welstand:**

Met betrekking tot dekking vir inenting teen masels in die provinsie:

(1) (a) Wat die huidige persentasie kinders onder die ouderdom van vyf jaar is wat die entstof teen masels in die provinsie ontvang het, en (b) watter teikens haar departement ingestel het vir inenting teen masels vir die (i) huidige en (ii) volgende finansiële jaar;

(2) met betrekking tot veldtogte vir inenting teen masels, (a) hoeveel veldtogte vir inenting teen masels in die afgelope drie jaar in die provinsie uitgevoer is, (b) wat die omvang en doeltreffendheid van elke veldtog was ten opsigte van die aantal kinders wat ingeënt is, en (c) watter uitdagings geïdentifiseer is om kinders in onderbediende of afgeleë gemeenskappe te bereik;

(3) (a) watter strategieë ingestel is om ouers en versorgers oor die belangrikheid van inenting teen masels op te voed en (b) hoe haar departement saam met belanghebbendes werk om die opname van inenting te verhoog;

(4) (a) hoeveel uitbrekings van masels in die afgelope drie jaar aangeteken is en (b) wat die uitkomste van haar departement se ingrypings was?

*(117)*

***16. Mnr M Booysen vra me M M Wenger, Minister van Gesondheid en Welstand:**

Met betrekking tot die Program vir Noodhulpwerkers ("Emergency First Aid Responders Programme" of EFAR):

(1) (a) Hoeveel gemeenskapslede tot op hede as noodhulpwerkers opgelei is, (b) watter vereistes gebruik word om deelnemers vir die opleidingsprogram te kies, (c) watter befondsing haar departement (i) toegewys het aan en (ii) bestee het om die EFAR-program te ondersteun en (d) watter spesifieke opleidingsmodules aan deelnemers van die EFAR-program aangebied word;

(2) of daar enige gepubliseerde verslae oor die impak van hierdie program is; so ja, of afskrifte beskikbaar gestel kan word;

(3) (a) watter hulpbronne verskaf word aan gemeenskapslede met EFAR-opleiding om hulle in staat te stel om doeltreffend op noodgevalle te reageer en (b) watter vennootskappe met belanghebbendes bestaan om die omvang en doeltreffendheid van die EFAR-program te verbeter;

(4) of daar planne is om hierdie program na meer gemeenskappe in die provinsie uit te brei; so ja, wat die tersaaklike besonderhede is?

*(118)*

***17. Mnr P Johnson vra mnr D J Maynier, Minister van Onderwys:**

(1) (a)(i) Hoeveel skoolhulpbronbeamptes (SHB's) tans by skole in die provinsie ontplooi is en (ii) by watter spesifieke skole hulle geplaas is, (b) watter vereistes sy departement gebruik om die toewysing van SHB's aan spesifieke skole te bepaal, (c)(i) watter beoordeling oor die impak van SHB's by skole in die provinsie sy departement uitgevoer het en (ii) wat die bevindings was en (d) wat die totale jaarlikse koste van die SHB-program vir die 2026-skooljaar vir sy departement beloop;

(2) in vergelyking met die 2025-skooljaar, of daar planne is om die SHB-program na meer skole in 2026 uit te brei; so ja, (a) hoeveel bykomende skole geteiken word en (b) watter tydlyn vir sodanige uitbreiding ingestel is;

(3) watter vennootskappe tussen sy departement en (a) die Suid-Afrikaanse Polisiediens en (b) plaaslike wetstoepassing bestaan?

*(119)*

***18. Mnr P Johnson vra mnr D J Maynier, Minister van Onderwys:**

(1) (a) Hoeveel skole in die provinsie tydens die vakansietydperk vir kwartaal 1 van 2026 deur vandalisme geraak is en (b) wat die totale beraamde koste is van die skade wat in hierdie tydperk aangerig is;

(2) of sy departement 'n afname of toename in voorvalle aangeteken het in vergelyking met dieselfde vakansietydperk in 2025; so ja, watter persentasie afname of toename aangeteken is;

(3) hoeveel sake wat met skoolvandalisme en inbraak verband hou, in hierdie tydperk by die Suid-Afrikaanse Polisiediens geopen is;

(4) (a) watter soort infrastruktuur die meeste gevandaliseer of gesteel is, (b) watter munisipaliteite (metropolitaans of distrik) die hoogste aantal voorvalle aangeteken het en (c) watter drie geografiese gebiede die meeste geraak is?

*(120)*

***19. Prof N Mbombo vra mnr I M Sileku, Minister van Mobiliteit:**

(1) (a) Wat die beplande aanvangsdatum vir die instelling van die Shayela Smart-program is, (b) hoeveel (i) operateurs en (ii) roetes na verwagting aan hierdie program in sy aanvangsfase toegewys sal word, (c) wat die totale koste is wat sy departement aan die Shayela Smart-program toegewys het, en (d) watter hoofhervormings aan die minibustaxibedryf (MBT-bedryf) die program bekend sal stel;

(2) of sy departement skakelings met die MBT-bedryf gehad het; so ja, (a) watter belanghebbendes geraadpleeg is en (b) watter insette ontvang is;

(3) in watter mate die MBT-bedryf (a) steun vir en (b) kommer oor hierdie voorgestelde program aangedui het?

*(121)*

***20. Prof N Mbombo vra mnr I M Sileku, Minister van Mobiliteit:**

(a) Wat die beplande begindatum is om die Program vir Reisbewyse vir Werksoekers ("Job Seekers Travel Voucher Programme") na George uit te brei deur die Go George-

diens te gebruik, (b) hoeveel begunstigdes na verwagting tydens die aanvanklike bekendstelling in George ondersteun sal word en (c) watter begroting aan hierdie uitbreiding toegewys is?

*(122)*

***21. Prof N Mbombo vra mnr I M Sileku, Minister van Mobiliteit:**

(a) Watter impak die MyCiTi-uitbreiding op die bedryfsvolhoubaarheid van die Golden Arrow-busdiens sal hê, (b) watter Golden Arrow-roetes na verwagting as gevolg van die MyCiTi-uitbreiding geraak sal word en (c) watter maatreëls ingestel is om integrasie eerder as verdubbeling tussen die MyCiTi- en die Golden Arrow-diens te verseker?

*(123)*

***22. Mnr D J Wessels vra mnr T A Simmers, Minister van Infrastruktuur:**

(a) Hoeveel projekte vir die ontwikkeling van behuising in die middestad tans aktief in die provinsie is en (b)(i) wat die name van die projekte vir die ontwikkeling van behuising in die middestad is, (ii) wat die huidige stand van die projekte is, (iii) wanneer inbesitneming na verwagting by elke ontwikkeling sal begin, (iv) hoeveel residensiële eenhede by elke projek voltooi is, (v) wat die verwagte tydlyne vir inbesitneming by elke ontwikkeling is, (vi) watter vertragings by elke projek ervaar is en (vii) watter verbeterende maatreëls ingestel is?

*(124)*

***23. Mnr D J Wessels vra mnr T A Simmers, Minister van Infrastruktuur:**

(a) Hoeveel behuisingseenhede tydens die 2025/26- finansiële jaar in die provinsie voltooi is, (b) wat die (i) name en (ii) liggings van behuisingsprojekte is waar eenhede voltooi is, (c) wanneer oorhandigings aan begunstigdes na verwagting by elk van hierdie voltooide projekte sal plaasvind, (d) watter faktore die oorhandiging van voltooide behuisingseenhede vertraag het en (e) watter stappe gedoen word om inbesitneming deur begunstigdes te bespoedig?

*(125)*

***24. Mnr D J Wessels vra mnr T A Simmers, Minister van Infrastruktuur:**

(a) Hoeveel agterplaasbewoners in die Wes-Kaap formele behuisingsgeleenthede in (i) 2022/23, (ii) 2023/24 en (iii) 2024/25 ontvang het, (b) by watter munisipaliteite hierdie behuisingsgeleenthede gelewer is en (c) watter deel van die algehele toewysings vir behuising agterplaasbewoners verteenwoordig in die tydperk wat in (a) hier bo aangedui word?

*(126)*

***25. Mnr D W Bryant vra mnr A W Bredell, Minister van Plaaslike Regering, Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning:**

(a) Watter munisipaliteite in die provinsie tans as die toppresteerders ten opsigte van waterveerkragtigheid beskou word, (b) watter vereistes of aanwysers die Departement gebruik om munisipale prestasie vir waterveerkragtigheid te beoordeel, (c) watter faktore tot die goeie prestasie van hierdie munisipaliteite bygedra het, (d) watter beste praktyke van hierdie munisipaliteite by ander munisipaliteite in die provinsie toegepas kan word en (e) watter ondersteuning aan munisipaliteite wat onderpresteer, verskaf word om hul waterveerkragtigheid te verbeter?

*(127)*

***26. Mnr D W Bryant vra mnr A W Bredell, Minister van Plaaslike Regering, Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning:**

(1) Wat die werklike tonnetal afval is wat in die provinsie (a) genereer en (b) verwerk is in die (i) 2024- en (ii) 2025-kalenderjaar;

(2) hoeveel van hierdie afval gekategoriseer is as (a) afvalopvulverwydering, (b) verbranding van afval met 'n gesondheidsrisiko, (c) herwinning of omleiding en (d) munisipale en privaat komposvorming;

(3) of sy departement die kwessies met toegang tot data opgelos het wat met die Suid-Afrikaanse Stelsel vir Afvalinligting ("South African Waste Information System" of SAWIS) verband hou, ná die vertraging met omskakeling wat in Maart 2025 aangemeld is; so nee, watter spesifieke stappe hy gedoen het om hierdie kwessie onder die aandag van die nasionale Minister van Bosbou, Visserye en die Omgewing te bring om toe te sien dat die Wes-Kaap toegang tot sy eie herwinningsdata vir verskeie gebiede het; so ja, wat die tersaaklike besonderhede is?

*(128)*

***27. Mnr N P Masipa vra dr I H Meyer, Minister van Landbou, Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme:**

Met verwysing na sy antwoord op vraag 3 van 6 Februarie 2026:

(a) Wat die tydlyn vir die kontroleringsproses is en (b) wat die verwante vereistes vir ondersteuning is, (c) in die tussentyd, watter oorbruggingsondersteuning, indien enige, verskaf word aan die 71 produsente wat reeds aangedui het dat bystand benodig word, en (d) wat die huidige status van die Fire App-data met betrekking tot nuwe respondente is wat sedert 15 Februarie 2026 aangeteken is?

*(129)*

***28. Mnr M K Sayed vra mnr R D Mackenzie, Minister van Kultuursake en Sport:**

Of die nasionale Departement van Sport tot die Saldanhabaai-rugbyklub se Paastoernooi bygedra het; so ja, hoeveel bygedra is?

*(130)*

***29. Mnr M B Nqgentsu vra mnr I M Sileku, Minister van Mobiliteit:**

Met betrekking tot die Paasvakansietydperk:

(a) Hoeveel padblokkades opgerig is, (b) hoeveel padbotsings aangeteken is, (c) hoeveel individue vir dronkbestuur in hegtenis geneem is en (d) hoeveel sterftes deur padbotsings veroorsaak is?

*(131)*

***30. Me P Z Lekker vra mnr T A Simmers, Minister van Infrastruktuur:**

Of die Departement bewus is van die voorneme om die inwoners van 'n informele nedersetting uit te sit in Knoflokskraal naby Grabouw, wat uit sowat 4 000 strukture en 'n beraamde bevolking van tot 20 000 mense bestaan; so ja, watter maatreëls sy departement instel om die uitsetting te verhoed en/of toe te sien dat die inwoners wat geraak word, voldoende alternatiewe verblyf en ondersteuning ontvang?

*(132)*

***31. Me R Windvogel vra me M M Wenger, Minister van Gesondheid en Welstand:**

Met verwysing na haar antwoord op vraag 32 van 6 Maart 2026:

(a) Na watter spesifieke raamwerke in haar Departement se reaksie verwys word, (b)(i) hoe hierdie raamwerke in die praktyk in werking is om nakoming van die WOFB te verseker en (ii) watter meganismes vir monitering of toepassing ingestel is en (c) watter meetbare uitkomste of aanwysers gebruik word om die doeltreffendheid van hierdie raamwerke te beoordeel?

*(133)*

***32. Me A P Bans vra mnr J J Londt, Minister van Maatskaplike Ontwikkeling:**

(1) (a) Watter spesifieke soorte voedselhulp aan weeskinders en kindgeleide huishoudings verskaf word om hongerte en erge armoede te voorkom, (b) hoe sy departement die akkuraatheid van die aangemelde getal begunstigdes kontroleer en toesien dat dit akkuraat is en (c) watter maatreëls ingestel is om onderverslagdoening te verklaar;

(2) of sy departement stappe doen om die insameling van data te verbeter en om toe te sien dat alle individue wat geraak word, geïdentifiseer en bygestaan word; so ja, wat die tersaaklike besonderhede is?

*(134)*

**LET WEL: Die antwoorde op die vrae vervat in hierdie Vraelys is vir 4 Mei 2026 bestem. Indien die antwoorde nie voor of op die sperdatum ingedien word nie, het die Lede die reg om die vrae te laat oordra na die Vraelys vir mondelinge beantwoording ooreenkomstig Reël 206.**